Erediens: 5de Sondag van die Lydenstyd - JUDIKA
Gelewer: 17de Maart 2024 in Kroondal
Preek: Genesis 22, 1 - 19 (AFR83)
Prediker: Pastor Reinhard Keding

*1 'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef
gestel en vir hom gesê: "Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 2 God
het vir hom gesê: "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en
gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op
een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys." 3 Vroeg die volgende môre
het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het
twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die
plek toe wat God vir hom aangewys het. 4 Op die derde dag het Abraham
die plek uit die verte gesien. 5 Toe sê hy vir sy slawe: "Wag hier met die
donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle
toe." 6 Abraham het die hout vir die brandoffer op sy seun Isak se rug
getel en self vuur en 'n mes saamgevat. Terwyl hulle twee so saamloop,
7 sê Isak vir sy pa: "Pa?" en Abraham antwoord: "Ja, my seun?" Toe vra
Isak: "Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?" 8 Abraham
het geantwoord: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien." Daarna
het hulle twee saam verder gestap. 9 Toe hulle aankom by die plek wat
God vir Abraham aangewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou. Hy
het die hout reggesit en sy seun Isak vasgebind en op die altaar
neergesit, bo-op die hout. 10 Net toe Abraham die mes vat om sy seun te
slag, 11 roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: "Abraham,
Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 12 Toe sê God: "Los jou seun!
Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie
geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie." 13 Toe
Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in
'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy
seun as brandoffer geoffer. 14 Toe noem Abraham die plek: "Die Here
voorsien." Daar word nou nog gesê: "Op die berg van die Here word
voorsien." 15 Die Engel van die Here het weer uit die hemel na Abraham
geroep 16-17 en gesê: "Dit is Ek, die Here, wat praat. Ek lê 'n eed af by
Myself dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het: jy het nie geweier
om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie. Ek sal jou vrugbaar
maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en
soos die sand van die see. Jou nageslag sal die stede van sy vyande in
besit neem. 18 In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën
wees, want jy het My gehoorsaam." 19 Daarna is Abraham terug tot by sy*

slawe, en hulle het almal saam na Berseba toe gegaan. Abraham het daar gewoon.

Liewe gemeente!

Wat 'n skrikwekkende storie!

Sören Kierkegaard, 'n Deense Lutherse teoloog, het 'n interpretasie van hierdie verhaal "Vrees en Bewing" getitel.

Dis hoe ek voel wanneer ek vandag hierdie storie aan ons moet uitlê. Met die luister en lees, kan ek net my kop innerlik skud.

Kan God 'n kinderoffer verwag of beveel?

Waarom protesteer Abraham nie oor hierdie versoek, soos toe God Sodom en Gomorra wou vernietig nie. Hy handel met God oor die moontlike regverdiges van 50, tot 10 gaan hy af. Hy het darem vir die mense geveg, en hier swyg hy. Geen huiwering, geen praat nie, nie met sy vrou of met sy seun nie.

Is dit die bekende kadawer gehoorsaamheid? Moet net nie vra nie; gehoorsaam net!! Hierdie gehoorsaamheid het tot vandag toe miljoene lewens gekos. Geoffer vir volk en vaderland.

Geoffer vir geloof? Watter soort God, wat verwag dat die kosbaarste ding wat iemand het, geoffer moet word?

Volgens God se eie woorde hang die hele verdere heilsgeskiedenis van Isak af. Isak is absoluut nodig hiervoor. Sonder hom gaan dit nie voort nie.

Stuit God sy eie planne op die mees sinnelose manier?

Ek wou hierdie storie, wat bedoel is as die preekteks vir vandag, eenvoudig ignoreer.

Selfs die opskrif pla my: ek voel dieselfde as met die storie oor die sogenaamde verlore seun. Dit is verkeerdelik getitel, dit moet, die *opgespoorde seun* genoem word. En ek vind ook die opskrif *"Abraham moet vir Isak offer*" as 'n misleidende opskrif. Dit moet, "*die spaar van Isak*", genoem word!

Wel, ek het tog hierdie storie in die gesig gestaar. En ek probeer te interpreteer, te verduidelik, wat ek verstaan het.

Die eenvoudigste verklaring van hierdie verhaal is die religieus-historiese interpretasie. Dit sal histories akkuraat wees

Die verhaal het ontstaan uit die konfrontasie met die heidense omgewing van die volk Israel. Daar, in die ou Kanaänitiese natuurgodsdienste, het menseoffers oral en om elke draai in Abraham se tyd plaasgevind. Dit word deur argeologiese vondste bewys. Die meeste van die tyd het hierdie offers die vorm van 'n bou-offer aangeneem. Wanneer 'n huis gebou is, is 'n kind - gewoonlik die manlike eersgebore- in die fondament ingemessel. Of kinders is geoffer in verband met 'n gelofte.

Die offer was en is altyd die skakel tussen hierdie wêreld en die hiernamaals, dit wil sê tussen God en mens. Die gode word deur offers “bevredig” of selfs bloot aanbid!

Jy moet die storie van die einde af verstaan. Dan is dit juis nie ’n storie wat offerande vereis nie, maar eerder ’n kontra storie. God kon die offer eis, maar hy wil dit glad nie hê nie. Hy stuur 'n engel en red Isak so van ’n valse geloof gehoorsaamheid. Die verhaal wys dus dat God nie menslike offerandes vereis nie!

’n Tweede verduideliking van hierdie verhaal, wat vir my ’n belangrike boodskap bevat, is die antwoord op die vraag **waarom Isak nie geoffer moes word nie**.

Abraham staan vir ons as die oorsprong van die verbond wat God met Israel en uiteindelik met alle mense wil sluit. Die versoening tussen God en ons mense, tussen hemel en aarde, is sy wil.

Begin by Noag, oor Abraham en sy nageslag, oor Moses en die lewens wette, wat vandag nog geld. Voortdurend hernu God sy verbond met Israel in die geskiedenis..

Wil die geskiedenis ons daaraan herinner, dat God se versoening met ons nie op Abraham se gehoorsaamheid gegrond sal wees nie. Dus nie tot die hoogste vlak van menslike toewyding waartoe 'n mens hom kan verbind nie.? Dit sou 'n belangrike boodskap wees!! Nie die vroomste prestasies van 'n mens, tot op die punt van selfopoffering, wat ons selfs sou bewonder, skep versoening nie!

God neem hierdie las van Abraham en ons af en spaar hom die offer sodat hy en dalk ons ook hom gehoorsaamheid wil gee.

Vir ons is versoening gebaseer op God se vrye besluit! In sy oor en oor bewese genade. Johannes het dit so opgesom*: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*(Johannes 3,16)

Abraham het niks van Jesus se offerdood geweet nie. Maar vir ons word die kruis opgerig as hierdie teken van versoening. Ons kan onder die vertroosting van die kruis, onder die vertroosting van die gekruisigde die versoening aanvaar. Hy is geoffer en het homself geoffer sodat ons nie meer offers hoef te bring nie. Sodat ons kan lewe. God eis nie meer enige ander offer van mense as dank of selfs as geskenk sodat Hy ons genadig kan wees nie. Paul Gerhardt het dit so mooi in sy oggendlied gedig:

"Laat ons sing, goedere en gawes na die Skepper bring; Wat ons ook al het, alles word as 'n offer aan God gebring! Die beste bates is ons gemoedere; dankbare liedere is wierook en mirre, waarin hy die meeste behae het."(direkte vertaling en geen beryming nie)

Eerlikwaar, ek kom nie reg met die storie nie. Ek vind dit moeilik om te glo dat ons hierdie storie moet interpreteer as 'n uitnodiging om bereid te wees om 'n waansinnige offer te maak.

Sekerlik sal daar situasies in die lewe wees waarin ons geloof getoets sal word. Daar sal situasies wees waarin ons paaie sal stap wat moeilik is, maar vir ons 'n weg van gehoorsaamheid sal wees.

Die verhale van die geloof voorvaders, soos ons hulle graag noem, vertel altyd weer van die gehoorsaamheid van gelowiges.

Gehoorsaamheid het te doen met luister. Mense het 'n woord gehoor, van buite gekom of aangevoel van binne, dat hulle gevra is om iets spesiaals te doen.

Ek dink aan Noag, en beslis ook aan Abraham, toe hy uit die bekende vertrek het.

Moses, die leier van die bevrydingsbeweging wat Israel uit slawerny gebring het, die profete wat herhaaldelik teen onegtheid en onsedelikheid onder die volk opgestaan het. Jesus, wat met baie innerlike stryde, homself bereid verklaar het om "tot die dood toe gehoorsaam te wees".

Miskien ken jy sulke fases in jou lewe, waarin jy jouself herhaaldelik gevra het, wat is God se wil eintlik?

Toets God ons geloof deur ons in moeilike situasies in te ly? Daar is Bybelse voorbeelde, veral Job. In die brief van Jakobus is daar die sin: “*julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom*.” Ander het dit vertaal *wanneer jou geloof herhaaldelik ernstig getoets word*

In 2017 het pous Franciskus 'n debat ontketen omdat hy gedink het die vertaling van die Onse Vader moet verander word: in plaas van "*en lei ons nie in versoeking nie*," moet dit lees "*en laat ons nie in versoeking kom nie.*"

Ook hier ontstaan die vraag of God ons beproef.

Op die oomblik kan ek net antwoord: Ek weet nie!! Maar, soos ek gesê het: ek is nie klaar met hierdie storie nie! Miskien is daar nog 'n ander insig. Maar ek wil oop bly daarvoor.

Amen